

Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 2

Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys. (1 Thes 2:13)

Hoekom glo jy? Is dit omdat jou ouers geglo het? Of dalk ’n onderwyser of predikant of goeie vriend?
Die meeste van ons begin ons geloofsreis in navolging van iemand wat ons vertrou. Dit is ook reg so. Maar daardie navolg-geloof moet later oorgaan in oortuiging dat God leef; dat Hy deur die Bybel praat, ook met jou persoonlik. Dan is jou geloof nie maar gebou op ander mense se voorbeeld of woorde nie, maar op vertroue in God.
Dalk sukkel jy nog om te aanvaar dat God se woord regtig die waarheid is. Kyk dan na gelowiges om jou en ervaar hoe God se Woord hulle lewe verander. Kyk na jouself, en erken die uitwerking van God se stem in jou lewe. Om te glo, kom immers nie uit jouself of uit wilskrag nie, maar uit die oortuiging van die Heilige Gees in jou hart (2 Thes 2:13).



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke

Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense 1

> *Die mense vertel self hoe julle ons ontvang het en hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien … (1 Thes 1:9)*

Paulus en Silas se besoek aan Tessalonika was nie langer as ’n maand nie. Toe het die Jode gesorg dat hulle in die nag uit die stad moes vlug (Hand 17:1-10). En tog het hy in dié kort tydjie ’n gemeente gevestig wat in noue kontak met hom gebly het. Twee gemeentelede, Aristargos en Sekundus, was selfs onder die groep wat Paulus met die dankoffers na Jerusalem vergesel het (Hand 20:4).
Paulus herinner hulle aan die moeilike omstandighede waarin hulle tot geloof gekom het (vers 6). Só kragtig was hulle geloofslewe dat al die gelowiges in Masedonië en Agaje (dws die hele Griekeland) van hulle geloof gehoor het.
Mense se verskoning is dikwels dat hulle nie genoeg kennis het om voluit vir die Here te leef of ’n leiersposisie in die gemeente kan aanvaar nie. Die Tessalonisense beskaam ons, want geen verskonings kon hulle keer nie. Jy hoef nie die Bybel van voor tot agter te ken nie (dit sal bykom soos jou geloof groei). Die vraag is of jy die Here liefhet en Hom met blydskap dien.



Hoofstuk van die dag: 1 Tessalonisense (Inleiding)

Kyk gerus na hierdie video vir ’n goeie opsomming van die brief:



Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 13

… wanneer ek kom, wil ek nie met die gesag wat die Here aan my gegee het, streng teen julle optree nie. Met dié gesag moet ek opbou, nie afbreek nie. (2 Kor 13:10)

Paulus skryf in 11:2 dat dit sy taak is om te sorg dat die gemeente as bruid vlekkeloos sal wees vir haar Bruidegom. Hiermee eggo hy die woorde van Johannes die Doper (Joh 3:29). Dit gaan nooit in die kerk om die leiers nie. Hulle het wel bepaalde gesag van God ontvang, maar nie om hulleself te dien of om soos slawedrywers of diktators oor die gemeente te heers nie. Hulle het gesag van God ontvang om die gemeente te dien en op te bou (vers 10b).
Paulus was deurgaans versigtig om nie sy Godgegewe posisie vir eie gewin te misbruik nie. Dit het vir hom deurgaans daaroor gegaan dat die gemeente Christus Koning moet maak in hulle lewens. Hy het sy gesag gebruik om die gemeente agter Christus aan te lei, weg van dwaalleraars en ander verleidings.
Ons kan dit vandag nog as maatstaf aanwend as ons 'n predikant of pastoor beoordeel. Dis eintlik eenvoudig: oor wie gaan dit in hulle lewe, woorde en dade? Waar laat hulle die lig val? Op hulleself, of Christus?

Naskrif:
Ons lees van môre af weer die briewe aan die Tessalonisense.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke

Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 12

> *Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my ’n doring in die vlees gegee, ’n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan. (2 Kor 12:7)*

Die doring in Paulus se vlees is een van die mees besproke en gedebatteerde temas in die Nuwe Testament.
Daar is baie teorieë oor wat hierdie doring in sy vlees kon wees. Sommige geleerdes stel voor dat dit ’n fisieke siekte of kwaal was, soos swak sig, epilepsie, migraine of chroniese pyn. Ander dink dit kon ’n geestelike of emosionele kwessie wees, soos depressie, vervolging of aanhoudende teenstand van vyande (Jode).
Ons weet ongelukkig nie wat die presiese aard van die doring was nie. Wat ons egter hieruit kan leer, is dat Paulus, ten spyte van sy lyding, ontdek het dat God se krag juis in sy swakheid tot volle werking kom, en dat God se genade altyd genoeg is.
Baie van ons sukkel met een of ander chroniese toestand waarvan ons nie ontslae kan raak nie. Dit kan jou moeg en

moedeloos maak, maar dit hoef nie! Kyk met nuwe oë na jou situasie en na die dinge wat jou konstant pla. Dalk is dit ’n manier waardeur God jou kan toerus en gebruik?



Hoofstuk van die dag: Psalm 19

> *Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser. (Ps 19:15)*

Daar is mense wat die Bybel lees en sê: Dis interessant, maar dis darem ’n bietjie dik vir ’n daalder. Ander, soos die digter van Ps 19, kyk na God se wêreld en lees God se Woord, en kniel in nederige verwondering voor die Skepper van die wêreld en die Bybel en bely: Wat ’n wonderlike God!
Psalm 19 wil ons laat verstaan dat God se Woord daar is om ons te help om in vreugde voor God te lewe as heel mense. Dit wil ons wysheid gee, koers gee, insig gee, bewaar van dwaling. Daarom is die Bybel ’n kosbare boek, soet op die tong (vers 11).
Mense dink te veel van hulleself, te veel van hulle eie vermoëns en insigte. Daarom dat hulle dit waag om hulleself teen God en teen sy Woord op te stel. Dis ’n gevaar waaraan ons almal blootgestel is. Die Psalmis weet dat ook hy nie gevrywaar is van dié versoeking nie, en daarom bid hy aan die einde dat sy woorde en gedagtes iets van sy ontsag vir God sal weerspieël (vers 15).
Bid jy dit ook vandag!

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026